# PROSPEKTUS


Privaatsak X9413
VRYHEID
3100
www.pionier.co.za

Tel. Skool: (034) 9813145/9813152
Tel. Koshuis: (034) 9822719
Faks: (034) 9809677
E-pos: pionier@lantic.net


## A. DIE SKOOL

### 1. INLEIDING

Hierdie prospektus is saamgestel om aan die nuwelinge van Hoërskool Pionier die nodige inligting te verskaf. Hoërskool Pionier is 'n jong en dinamiese skool wat aan Afrikaanssprekende leerlinge die geleentheid bied om hulself op akademiese, kulturele en sportgebied ten volle uit te leef. By Hoërskool Pionier word persoonlike aandag, wat gegrond is op Christelike waardes en lewensbeskouing, aan elke leerling gegee. Hier word jy, as deel van 'n wenspan, in geloof gebou om jou potensiaal as volwaardige burger van ons land volledig te ontwikkel en te benut. Die skool is trots op sy leerlinge en dra elkeen se belange op die hart.

### 2. HISTORIESE OORSIG

In die vroeë sewentigerjare het daar 'n groot behoefte in die gemeenskap van Vryheid en omgewing vir 'n Afrikaanse skool ontstaan om die opvoedingstaak wat tuis in 'n suiwer Afrikaanssprekende omgewing begin is, te kan voortsit. Hoërskool Pionier is gevolglik uit die gemeenskap gebore en is in 1976 met mnr. J. Cronjé as eerste hoof gestig. Verskeie hoofde volg hom op, o.a. mnre J.H.B. van Aardt, N.S. Cronjé, D.R. Krantz, F.S. Botha en H.G. Smit, wat op 1 Julie 2008 afgetree het. Mnr. R.S. Muller is vanaf 1 Januarie 2009 aangestel as skoolhoof. In sy relatiewe kort bestaan het Hoërskool Pionier sedert 1976 tot 'n dinamiese skool gegroei wat op alle terreine 'n krag in Noord-Natal is waarmee deeglik rekening gehou moet word.

### 3. TERREIN EN GEBOUE

Hoërskool Pionier is aan die suidoostekant van die dorp, langs Oosstraat op die Melmoth-pad geleë. Die skool beskik oor goed toegeruste Wetenskap- en

Biologielaboratoriums, ŉ restaurant vir gebruik in Verbruikerstudies, ŉ volledig toegeruste rekenaar- en bronnesentrum, ŉ volledig toegeruste video/DVD lokaal, ŉ veeldoelige buitesaalkompleks, ŉ volledig toegeruste gimnasium, drie rugbyvelde, vier netbal- en tennisbane, twee hokkievelde asook 'n astro-hokkiebaan, ŉ skietsaal, drie krieketnette, ŉ groot swembad en ŉ atletiekbaan met onderdak pawiljoene by beide. ŉ Pragtige losie pryk op die sportvelde vir almal om te gebruik.

Die hoof rugby-, netbal en hokkievelde is van spreiligte voorsien. Op die terrein is ŉ koshuis vir 200 leerlinge. ŉ Verdere 72 junior leerlinge word in die koshuis by Lucas Meyer Primêre Skool, sowat 800m van die hoërskool af, gehuisves.

4. <u>MISSIE</u>

Die doelstelling van Hoërskool Pionier is om:

4.1 alle leerders in die skool tot volwassenheid in Christus, gebaseer op die Bybel as die Woord van God, op te voed;

4.2 Christelike waardes op alle moontlike wyses te handhaaf, te beskerm en te bevorder;

4.3 die vryheid van geloof, wat betref die vryheid om aan enige kerkgenootskap te behoort wat ŉ Christelike geloofsiening binne die betrokke kerkverband in die lig van die Skrif uitleef, te beskerm;

4.4 Afrikaans as voertaal as enigste onderrigmedium in stand te hou en te bevorder;

4.5 hoë onderrig- en akademiese standaarde te handhaaf;

4.6 buitekurrikulêre aktiwiteite in stand te hou sodat aan die opvoeding reg kan geskied.

5. <u>ETOS</u>

Die etos van Hoërskool Pionier word in breë trekke beskou dat:

5.1 leerder, ouer en onderwyser saam in omstandighede van vryheid, begrens deur die voorskrifte van die Bybel, landswette, regulasies en skoolreëls saamleef.

5.2 die klem in die skoolmilieu op selfdissipline eerder as op die militaristiese afdwing van dissiplinêre reëls val.

5.3 die vryheid en reg van die individu erken word, solank hy /sy nie op die regte en vryheid van ander individue inbreuk maak nie.

5.4 die etos van die skool die kultuur, gebruike en gewoontes van die Afrikaner ’n belangrike plek inneem. Onderrig word aan die hand van die goedgekeurde kurrikulum gegee wat die kultuur van die teikengroep as uitgangspunt het.

5.5 die positiewe en opbouende optrede van persone beklemtoon word en die negatiewe, afbrekende en sedelose optrede vermy, veroordeel, aangespreek en uitgeskakel word.

5.6 dit die spesifieke doelstelling van Hoërskool Pionier is om aan die leerders ’n opvoeding te gee wat hulle in staat sal stel om hulle plek as volwaardige, selfstandige en verantwoordelike landsburgers van die toekoms te kan volstaan.

## 6. <u>TOELATINGSVEREISTES</u>

6.1 Ouers moet vooraf skriftelik aansoek doen deur die voorgeskrewe aansoekvorm HP. 1 te voltooi en by die kantoor in te dien.

6.2 Die leerder moet in Januarie van die betrokke jaar nie ouer wees as:

- 15 jaar in graad 8
- 16 jaar in graad 9
- 17 jaar in graad 10
- 18 jaar in graad 11
- 19 jaar in graad 12

6.3 Die onderrigmedium van die skool is Afrikaans.

6.4 Die leerder moet die Christelike geloof aanvaar en positief uitleef en die Christelike karakter van die skool onderskryf.

6.5 Die leerder se vakkeuse moet in bepaalde vakpakket inpas.

6.6 Die leerder moet hom/haar tot stiptelike nakoming van die gewone

skoolreëls verbind en hom/haar ook by die etos van die skool aanpas.

6.7 Die leerder moet hom/haar bereid verklaar om aan alle klasse in alle vakke in die kurrikulum deel te neem.

6.8 Die leerder mag hom/haar nie aan die volgende skuldig maak nie:

- drank- en dwelmmisbruik;
- duiwelaanbidding en
- onsedelike praktyke

6.10 Die leerder se skoolbywoning moet getrou wees.

## 7. TOELATING

### 7.1 SKOOL

Aansoek om toelating word deur die ouer gedoen. Die volgende moet aan die aansoekvorm geheg word:

(i) ’n Afskrif van die ID-dokument of geboortesertifikaat van die leerling;

(ii) die jongste skoolrapport; en

(iii) oorplasingsertifikaat

Indien moontlik moet die ouers van nuwe leerlinge die Hoof, ’n Adjunkhoof of die betrokke departementshoof spreek voordat die leerlinge ingeskryf word.

### 7.2 KOSHUIS

Leerlinge mag tot die koshuis toegelaat word mits die aansoekvorms wat by die skool beskikbaar is, volledig ingevul is en indien daar plek in die koshuis is. Deur betyds aansoek te doen, kan ’n leerling verseker van koshuistoelating wees. Die koshuisgelde wissel van jaar tot jaar en sal voor die einde van elke jaar bekendgemaak word.
Slegs kinders wat buite die 20 km radius van die skool bly, mag aansoek doen om in die koshuis te bly.

8. SKOOLGELDE

Die skoolgelde word van jaar tot jaar deur die ouers op ʼn vergadering aangepas en is volgens die wet verpligtend. Die skoolgelde moet verkieslik betaal word wanneer die leerling ingeskryf word, maar kan ook in vier paaiemente aan die begin van elke kwartaal of maandeliks per aftrekorder betaal word. Skoolgelde word slegs aangewend tot voordeel van die leerlinge in die skool. Al neem hulle nie aan sport of ander buitemuurse bedrywighede deel nie, maak hulle gebruik van ander fasiliteite, apparaat, boeke, opvoedkundige toere ens. wat uit die skoolfonds gefinansier word.

9. SKOOLREËLS

Wanneer ouers hul kinders by Hoërskool Pionier inskryf, ontvang hulle ʼn volledige stel skoolreëls. Ouers moet ook ʼn vorm onderteken waarin hulle onderneem dat hulle kinders hul aan die skoolreëls sal onderwerp. Dit stel die hoof, personeel en leerlingbestuur in staat om goeie dissipline en ordelikheid in die skool te handhaaf.

10. AMPTELIKE KLERE- EN SKOOLDRAG

Alle skoolfunksies moet in skooldrag bygewoon word, tensy spesifiek toestemming gegee word vir die dra van smaakvolle privaatdrag.
Die leweransiers van skooldrag is huidig Mr Matata en Moola's. Sportklere is beskikbaar by Topsports, Kerkstraat 197.

LET WEL: Die skool beskik ook oor ʼn tweedehandse klerewinkel waar goeie gehalte skoolklere teen ʼn minimale bedrag aangekoop kan word. Behoeftige leerlinge kan ook op versoek klere van die skool hier kry.

10.1 SEUNS

SOMERSDRAG

- Blou hemp met skoolwapen op die sak ingeweef
- Blou oortrektrui
- Grys langbroek of grys kortbroek
- Skoolkouse

- Indien dit 'n koue dag is, kan die skoolbaadjie met 'n das gedra word – geen langmoutrui alleen nie

<u>WINTERSDRAG</u>

- Blou hemp met skoolwapen op die sak ingeweef
- Das en baadjie is verpligtend elke dag
- Op baie koue dae mag 'n oortrektrui **of** langmoutrui gedra word (nie albei nie) saam met das en baadjie
- Grys langbroek
- Skoolkouse

10.2 <u>DOGTERS</u>

*<u>SOMERSDRAG</u>*

- Blou rok met skoolwapen links ingeweef
- Blou hemp
- Blou oortrektrui
- Blou kouse met swart standaard skoolskoen
- Indien dit 'n koue dag is, kan die skoolbaadjie gedra word – geen langmoutrui alleen nie

*<u>WINTERSDRAG</u>*

- Blou hemp
- Blou rok met skoolwapen links ingeweef **of** donkerblou langbroek
- Das en baadjie is verpligtend elke dag
- Op baie koue dae mag 'n oortrektrou of langmoutrui gedra word (**nie albei nie**) saam met das en baadjie
- "Navy" blou sykouse of lang blou kouse word gedra. Geen kort blou kouse sal toegelaat word nie.

Leerlinge mag nasionale- en provinsialekleure slegs op Vrydae dra.

11. HANDBOEKE

Alle leerlinge sal van die meeste van hulle handboeke voorsien word. Hierdie boeke moet aan die einde van die jaar weer aan die skool terugbesorg word. Hierdie boeke moet goed opgepas word en as die toestand van die boek met jaareinde swak is, sal daarvoor betaal moet word met die prys van 'n nuwe boek.

Alle aantekeningboeke moet self voorsien word.

12. SKOOLROOSTER- EN TYE

By Hoërskool Pionier word gebruik gemaak van 'n 9-dag siklus wat bestaan uit 6 periodes per dag. Die skool begin om 7:20 en sluit om 14:15. Die kloktye rooster is op kommunikeerder en die webtuiste beskikbaar.

Gr. 11- en 12- leerders mag in selektiewe vakke 'n 7-periode dagrooster hê.

B. **DIE AKADEMIESE PROGRAM**

1. VAKKEUSES

1.1 ALGEMEEN

1.1.1 In graad 8 en 9 word die nuwe Kurrikulum Assesserings Verklaring (KABV) vanaf 2014 gevolg in ooreenstemming met nasionale- en provinsiale beleid.

1.1.2 Vanaf 2007 volg alle graad 10 tot 12 leerlinge die VOO-kursus soos deur die departement voorgeskryf.

1.1.3 Daar is minimum vereistes waaraan leerders aan die einde van Gr. 9 moet voldoen om Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Rekeningkunde en/of Ingenieursgrafika en Ontwerp vanaf Gr. 10 tot 12 te neem.

1.1.4 Benewens die akademiese vakke, word 'n verskeidenheid tegniese vakke ook vanaf gr. 10 tot 12 aangebied.

## 1.2 VAKKODES

| KODE | VAK |
|---|---|
| AFRHL | Afrikaans Huistaal |
| ENGFAL | English First Additional Language |
| LFSC | Lewenswetenskappe |
| MATH | Wiskunde |
| MLIT | Wiskundige Geletterdheid |
| PHSC | Fisiese Wetenskappe |
| GEOG | Geografie |
| VSLA | Visuele Kunste |
| GRDS | Ingenieursgrafika- en Ontwerp |
| ACCN | Rekeningkunde |
| BSTD | Besigheidstudies |
| CNST | Verbruikerstudies |
| TRSM | Toerisme |
| CATN | Rekenaar Toepassingstegnologie |
| LIFE | Lewensoriëntering |
| ECON | Ekonomie |
| AGRS | Landbouwetenskappe |
| SIVIEL | Siviele Tegnologie |
| ELEK | Elektriese Tegnologie |

## 1.3 VAKKE

### 1.3.1 GRAAD 8 EN 9 VERPLIGTE VAKKE:

| | |
|---|---|
| AFRM | Afrikaans |
| ENGS | Engels |
| WISK | Wiskunde |
| NW (LFSC) | Biologie |
| NW (PHSC) | Wetenskap |
| MSW | Sosiale Wetenskap |
| EBW (ACCN) | Ekonomiese Bestuurswetenskap |
| EBW (BSTD) | Ekonomiese Bestuurswetenskap |
| TEGN | Tegnologie |
| SKK | Skeppende Kunste |
| LIFE | Lewensoriëntering |

Indien die rooster dit toelaat, mag addisionele verrykingsvakke ook aangebied word.

1.3.2 GRAAD 10, 11 EN 12

Aan die begin van die gr. 10-jaar kies elke leerling 'n vakpakket uit een van die talle goedgekeurde vakpakkette wat by die skool aangebied word. Die aantal vakpakkette wat aangebied word, word deur die aanvraag bepaal. Hierdie aspek word ook deur departementele voorskrifte bepaal. Die skool reël ook van tyd tot tyd oueraande ten einde ouers en hulle kinders omtrent kursusse in te lig en om ouers in staat te stel om meer inligting te bekom. Die skool beskik ook oor 'n rekenaarprogram wat leerlinge in staat kan stel om volledige en omvattende inligting te kry rakende belangstelling, vakkeuses, moontlike beroepe, studierigtings en tersiêre inrigtings en kursusse aangebied.

## 2. EVALUERING

2.1 Leerlinge word deur die jaar op 'n gereelde basis geëvalueer ten einde te verseker dat leerling, ouer en onderwyser voortdurend op hoogte is van elke leerling se vordering.

2.2 Kontroletoetse word weekliks, volgens 'n vooropgestelde rooster, op 'n Dinsdag en/of Donderdag geskryf. Die skryf van kontroletoetse is verpligtend en leerders sal slegs daarvan verskoon word indien 'n doktersertifikaat ingehandig word, of in die geval van dood van 'n nabye familielid.

2.3 Nadat elke toets gemerk is, moet leerlinge die toets huis toe neem vir hul ouers/voogde se paraaf. Graadvoogde ontvang ook gereeld insae in leerlinge se vordering en volg waar moontlik onderpresteerders se probleme op om te verseker dat elke leerling sy/haar maksimale akademiese potensiaal bereik.

2.4 ’n Akademiese atmosfeer word bevorder deur aan die einde van elke kwartaal die top-tien presteerders in elke graad te identifiseer. Aan hierdie leerlinge word ’n top-tien lapelwapen gegee wat gedurende die volgende kwartaal gedra moet word.

2.5 Die jaarlikse akademiese prysuitdeling word gedurende die vierde kwartaal gehou. Merietetoekennings word verwerf deur leerlinge wat die minimum aggregaat behaal het. Hierdie aggregaat word op die jaarwerk gebaseer wat volgens voorafbepaalde gewigte bereken word. Tydens die geleentheid word akademiese erekleure ook toegeken. Die Novembereksamen word eers daarna geskryf. Om akademiese kleure te verwerf, moet punte in die Junie-eksamen in al die vakke verkry word. Indien ’n leerling dus die Junie-eksamen nie afgelê het nie, kom hy/sy nie in aanmerking vir kleure- en/of merietetoekennings by die jaarlikse akademiesetoekenningsaand nie.

## 3. <u>HUISWERK</u>

3.1 Leerlinge kry gereeld huiswerk en ouers word versoek om toe te sien dat hulle kinders gereeld volgens ’n vaste program tuisstudie doen.

3.2 Die beleid is om daarna te streef om die leerlinge te help om hulself te dissiplineer, sodat die doen van huiswerk ’n normale deel van hulle studieprogram word, ongeag formele huiswerk aan hulle gegee is of nie.

## 4. <u>MEDIASENTRUM</u>

Die skool beskik oor ’n goedtoegeruste en gerekenariseerde mediasentrum. Daar is ’n groot aantal naslaanwerke in boekvorm en op CD oor verskeie onderwerpe beskikbaar. Verder is daar ruimte beskikbaar vir leerlinge om rustig naslaanwerk te doen.

Daar is ook ’n aantal boeke en tydskrifte wat vir ontspanning gelees kan word. Die meeste daarvan kan deur leerlinge uitgeneem word. Enkele baie waardevolle werke in die mediasentrum mag nie deur leerlinge uitgeneem word nie, maar soms word daar in spesiale verdienstelike gevalle wel uitsonderings gemaak.

5. MODERNE ONDERWYSTEGNIEKE

Hoërskool Pionier beskik oor 'n span goed opgeleide en hoogs bekwame onderwysers, waarvan talle leiersposisies in hul vakgebied in die provinsie beklee. Hierdie onderwysers is deeglik bewus van moderne onderwystegnieke en dit word met groot vrug in die klaskamers toegepas deur onder andere van die rekenaar, kleurskyfies en opvoedkundige video's as hulpmiddele gebruik te maak wat tot meer effektiewe onderrig lei. Progressiewe denke en nuwe idees is 'n kleinood wat by Pionier gekoester en aangemoedig word. Die effek van hierdie onderrigstrategie kan duidelik in die puik uitslae gesien word wat jaarliks deur ons matrikulante behaal word. Dataprojektors, interaktiewe witborde en skootrekenaars dra by tot 'n innoverende en tegnologiese atmosfeer.

6. INTERNET

Toegang tot die Internet kan op versoek onder toesig in die rekenaarlokaal verkry word om inligting vir persoonlike gebruik te verkry.

7. STUDIEHULP

Gratis weeklikse addisionele lesse word vir gr. 8- tot 12-leerders in Wiskunde aangebied. Daar is ook lesse beskikbaar vir leerders om hul studiemetodes te verbeter en aan te pas.

## C. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Daar word ruim voorsiening gemaak vir die behoefte van elke leerling om aan 'n aktiwiteit deel te neem om sodoende 'n bydrae tot die skoollewe en sy/haar eie vorming te lewer.

Dit word van elke leerling verwag om aktief deel te neem aan minstens twee aktiwiteite per jaar om sodoende te verseker dat elke leerling 'n gebalanseerde opvoeding aan Hoërskool Pionier ontvang. Ons glo daaraan dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves.

Indien 'n leerling fisies nie in staat is om aktief aan sport deel te neem nie, versoek ons ouers om die skool skriftelik daarvan in kennis te stel. Vrystelling sal dan verleen word.

1. KULTURELE AKTWITEITE

1.1 Toneel en Revue
1.2 Drama en Debat
1.3 Skoolkoor
1.4 VCSV
1.5 Voortrekkers
1.6 Stap- en opvoedkundige toere
1.7 Musiek

2. SPORT

2.1 SOMER: Atletiek, swem, krieket (seuns en dogters)
2.2 WINTER: Rugby, hokkie, netbal en landloop
2.3 SOMER EN WINTER: Tennis, gholf, skyfskiet, ruiterkuns

D. **ALGEMEEN**

1. INDIVIDUELE MERIETEBEURSE

Merietebeurse word jaarliks toegeken aan leerlinge in graad 7 wat op akademiese-, sport- en kultuurgebied presteer en wat in graad 8 by Hoërskool Pionier as leerlinge inskryf.

Die beskikbaarstelling van hierdie beurse is daarop gemik om leerlinge van gehalte by Hoërskool Pionier te beloon vir goeie prestasie. Indien 'n leerling egter deur die loop van die jaar om enige rede die skool verlaat, moet die volle skoolgelde tot op datum terugbetaal word.

Leerlinge wat vir beurse kwalifiseer, kan 'n aansoekvorm voltooi en dit by die skool se finansiële sekretaresse inlewer. Dit word egter beklemtoon dat beurse slegs as 'n krediet op uitstaande skoolgeld toegeken word. Kontantuitbetalings sal slegs aan 'n beurshouer se ouers gemaak word indien skoolgelde vir die huidige jaar ten volle vereffen is. Beurse word op 'n jaarlikse grondslag toegeken.

2. MEDIESE VERSEKERING

Daar is 'n groepversekeringskema vir beide skool- en koshuisleerlinge. Ouers wat nie persoonlike mediese versekering het nie, moet jaarliks hierdie dekking uit te neem vir onvoorsiene uitgawes wat ontstaan as gevolg van beserings wat in die skool of koshuis of op pad daarheen opgedoen kan word. Volle besonderhede word aan die begin van elke jaar aan alle leerlinge verskaf. Navrae in hierdie verband kan ook by die finansiële sekretaresse gedoen word.

3. AFWESIGHEID EN VERLATING VAN DIE SKOOLTERREIN

3.1 VERLOFBRIEFIES: Behalwe in uitsonderlike gevalle, mag geen afsprake by dokters of tandartse tydens skoolure gemaak word nie. Indien sulke afsprake wel tydens skoolure is, moet 'n bewys daarvan deur middel van 'n kaartjie of 'n brief van die ouers of van die dokter/tandarts gelewer word. Indien leerlinge dan die skool gedurende skoolure moet verlaat, moet 'n verlofbriefie by die hoof of adjunkhoofde verkry word, waarna in die boek hiervoor voorsien by die sekretaresse by Ontvangs, uitgeteken en terug geteken moet word.

3.2 Wanneer leerlinge afwesig was, moet 'n brief van hul ouers of voogde gebring word om hul afwesigheid te verklaar. Hierdie briefies moet by hul registeronderwyser/es ingelewer word.

3.3 Gedurende skoolure mag leerlinge nie die skoolterrein verlaat sonder toestemming van die hoof of adjunkhoofde nie. Dit geld ook vir koshuisleerlinge wat koshuis toe wil gaan.

4. STRAFMAATREËLS

Leerlinge stel hulself bloot aan straf volgens die strafstelsel van die skool indien hulle die volgende oortredings begaan:

Pligsversuim; ongehoorsaamheid; opstandigheid; opsetlike beskadiging van eiendom; oneerlikheid; leuentaal; aanranding; afknouery; onwelvoeglikheid; stokkiesdraai of enige wangedrag van 'n ernstige aard.

Indien 'n leerling se taalgebruik of gedrag na die mening van die skoolhoof van so 'n aard is dat die handhawing van 'n behoorlike peil van sedelike gedrag, dissipline of sosiale welsyn in die skool in gevaar stel, of indien 'n laakbare daad begaan is, is hy/sy blootgestel aan skorsing uit die skool.

## 5. PUBLIKASIES

Daar word jaarliks 'n jaarblad uitgegee waarin gepoog word om die hele spektrum van die skoolaktiwiteite weer te gee. Aan die einde van elke kwartaal verskyn ook 'n inligtingsblad, infoPionier, waarin nuuswaardighede en prestasies deur leerlinge en personeel behaal, vermeld word. 'n Opsommende oorsig van belangrike aktiwiteite gedurende die betrokke kwartaal word hierin weergegee. Ander keurig versorgde nuusbrokkies en inligting word ook periodiek deur die jaar aan voornemende studente gepos.

## 6. SLOT

Ons glo dat dit 'n eer en voorreg is om 'n leerling aan die Hoërskool Pionier te wees. Ons vertrou dat elke leerling met reg trots sal wees op sy/haar skool en dat die skool trots sal kan wees op elke leerling, sodat ons, getrou aan ons leuse, deur geloof en lewenskrag kan streef na vooruitgang.

ALGEMENE SKOOLREËLS

1. Die skool se leuse: "Geloof, Lewenskrag en Vooruitgang" is die rigsnoer van ons Christelike nasionale beginsels. Daar word van elke leerling verwag om hierdie beginsels as norme te handhaaf.

2. Die voorgeskrewe skooldrag is verpligtend en moet met trots gedra word. Besoek [www.pionier.co.za](http://www.pionier.co.za)

3. Tydens alle skoolgeleenthede moet skooldrag gedra word, tensy spesiale toestemming verleen word. Voorgeskrewe sportdrag moet gedra word by sportfunksies.

4. Geen leerlinge mag gedurende skoolure die skoolterrein verlaat sonder toestemming van die hoof of adjunkhoof nie. Dit geskied deur middel van 'n verlofbriefie, waarna uitgeteken en teruggeteken moet word by die sekretaresse. Geen afsprake by dokters of tandartse mag gedurende skoolure gemaak word nie. Indien sulke afsprake noodgedwonge binne skoolure is, moet bewys daarvan gelewer word deur middel van 'n kaartjie of brief van die dokter/tandarts of ouers. Begrafnisse mag slegs bygewoon word indien ouers skriftelike toestemming vra, of hulle moet die leerlinge persoonlik kom haal en terugteken.

5. Seuns se hare moet kort en netjies, volgens die skool se voorskrifte gedra word. Hare mag nie gebleik of gekleur word nie. Geen nuwerwetse style is aanvaarbaar nie.

6. Dogters se hare moet netjies wees. As dit lank is, moet dit vasgebind of gevleg wees en dit moet uit die gesig uit vasgemaak word. Hare mag nie gekleur of permanent gegolf word nie, maar mag wel 'n skakering ligter gemaak word. Uitheemse, uitspattige, nuwerwetse style wat afbreek doen aan die waardigheid van ons uniform, is onaanvaarbaar. Die standaard dogterskoolskoen moet gedra word.

7. Geen juweliersware (behalwe polshorlosie), of ander versiersels soos enige armbandjies mag gedra word nie. Slegs een stel klein oorkrabbertjies (*studs* of ringoorbelle) word toegelaat by dogters.

8. Naels moet skoon, kort en sonder naellak wees en geen grimering word

toegelaat nie. As ’n dogter op haar knieë staan, moet die romp op die minste 8 cm van die grond af hang.

9. Kleure vir buitemuurse en akademiese prestasies sal toegeken word volgens die neergelegde vereistes. Kleuretoekennings is ’n voorreg en kan as gevolg van wangedrag weggeneem word.

10. Van elke leerling word verwag om die skool se buitemuurse bedrywighede te ondersteun.

11. Tensy medies ongeskik, word van elke leerling verwag om aan minstens een winter- en een somersport deel te neem.

12. Die besit en gebruik van sigarette, drank, dwelmmiddels en pornografie is ten strengste verbode. Enige okkultiese bedrywighede is ook ten strengste verbode. Oortreding van enige van bogenoemde sal in ’n baie ernstige lig beskou word en kan lei tot skorsing van so ’n leerling lei.

13. Beskadiging van skoolgeboue en/of eiendom is ’n ernstige oortreding. Enige skade moet onmiddellik aangemeld word. Leerlinge sal moet vergoed vir enige moedswillige skade.

14. Die skoolgeboue en –terrein moet altyd netjies en skoon gehou word.

15. Slegs boektasse met afskortings wat die boeke kan beskerm, mag gedra word. Daar mag nie op tasse gekrap word nie en plakkertjies mag nie op tasse geplak word nie.

16. Letterkunde handboeke word gratis aan leerlinge uitgereik. As ’n leerling aan die einde van die jaar versuim om handboeke wat aan hom/haar uitgereik is, in te lewer, sal hy/sy die volgende jaar nie boeke ontvang nie TENSY die betrokke boek/e teruggevind en ingelewer word, of daarvoor betaal is. Dit geld ook vir biblioteekboeke. Indien ’n leerling gedurende die jaar na ’n ander skool vertrek en nie handboeke aan hom/haar uitgereik inlewer nie, sal geen oorplasings-sertifikaat of lêers aangestuur of oorhandig word nie.

17. Selfoon: Geen selfoon mag sigbaar of aktief wees tydens akademiese tyd nie. Leerlinge sal wel pouses toegelaat word om hulle selfone aan te skakel, maar moet onmiddellik na pouses afgeskakel en gebêre word.

18. Tydens klaswisseling (of na 'n byeenkoms) moet leerlinge stilbly en in enkelrye beweeg sonder verkwisting van tyd.

19. Geen leerlinge word voor skool of gedurende pouse in die klasse toegelaat nie, behalwe onder toesig van 'n onderwyser.

20. Waskamers moet ten alle tye netjies en sindelik gehou word. Geen tyd mag in waskamers verkwis word nie.

21. Indien 'n leerling afwesig was, moet hy/sy op die dag wanneer hy/sy terugkeer skool toe, 'n brief van sy/haar ouers of voog ter verduideliking vir die afwesigheid by die skool inhandig. Die hoof mag na goeddunke versoek dat 'n mediese sertifikaat voorgelê word. Afsprake met enige verkeersdepartement, universiteit of dokter moet so gemaak word dat dit na skool nagekom word.

22. *Afwesighede tydens eksamens*: Leerlinge sal nie in aanmerking kom vir kleure-toekennings as hulle afwesig was tydens enige eksamen nie.

    *Afwesighede tydens kontroletoetse*: Slegs 'n doktersbrief of dood in die familie sal as geldige verskoning aanvaar word, waar leerlinge afwesig is op die dag van 'n kontroletoets. Indien geen wettige bewyse gelewer kan word nie, sal die leerling 'n nul ontvang vir die betrokke toets.

23. Leerlinge mag nie voor, na of tydens skoolure by vriende in motors buite of binne die skoolterrein of koshuis sit of wees nie.

24. Geen leerlinge mag duimgooi terwyl hy/sy die skooldrag aan het nie. (Skooldrag sluit alle sportdrag in).

25. Terwyl 'n leerling in skooldrag is, is alle skoolreëls van toepassing en oortreding daarvan binne of buite die skool kan strafmaatreëls teen so 'n leerling tot gevolg hê.

26. Getuigskrifte sal nie outomaties nie, maar op meriete, aan leerlinge gegee word.

27. Die gesag en dissipline van die skoohoof, personeel, verteenwoordiger

leerlingraad en sub-komitee moet ten alle tye aanvaar word.

28. Graad 12-afskeid geskied op uitnodiging en leerlinge wat hulleself skuldig maak aan wangedrag en/of die skool se gedragskode oortree, sal na die nodige prosedures moontlik nie na die afskeid genooi word nie.

29. Leerlinge (seun/dogter) wat gedurende die akademiese jaar swanger raak, sal volgens departementele beleid hanteer word. Die leerling/e sal nie sosiale- of sport aktiwiteite deur die skool gereël, mag bywoon nie om sodoende hulle verpligtinge na te kom.

30. Hierdie reël kan te enige tyd na die goeddunke van die Hoof, in konsultasie met die Beheerliggaam, gewysig word.

ALGEMENE KOSHUISREËLS

Die reëls van die koshuis soos hierna uiteengesit, het as bedoeling die daarstel van goeie orde en roetine. Hierdie reëls geld onvoorwaardelik en daar word van alle koshuisgangers verwag om hulle daarby neer te lê. Koshuisgangers wat die reëls oortree of verontagsaam, stel hulleself bloot aan dissiplinêre optrede soos hierna uiteengesit:

STRAFREGISTER (sien kategorie-indeling van die strafstelsel)

- Oortredings in die koshuis word in drie kategorieë volgens die graad van erns ingedeel.

  **A-tipe**: Minder ernstig en verdien 10 strafpunte. Strafpunte só verdien, bou op tot 40 waarna dissiplinêr opgetree word soos vir kategorie-B oortredings.

  **B-tipe**: Ernstiger oortredinge en verdien 40 strafpunte en onmiddellike dissiplinêre optrede. Ouers word skriftelik in kennis gestel (1ste of 2de skriftelike waarskuwing).

  OPTREDE (afhangende van die aard en tipe oortreding):
  - Ophef van voorregte (dorpsdag, sosiale bedrywighede)
  - Verskuif studie na studiesaal (indien van toepassing)
  - 

- Gemeenskapsdiens (was van vloere, mure, vensters, kombuisdiens of tuinwerk)

AKTIVERING: 1ste oortreding – 2 weke
2de oortreding – 4 weke
3de oortreding – dissiplinêre optrede soos vir kategorie C-oortredings.

**C-tipe**: Ernstige oortredings en verdien 80 strafpunte.

OPTREDE:

- Dissiplinêre verhoor. Ouers word skriftelik in kennis gestel van die oortreding en verhoordatum. Ouers/voogde word versoek om die verhoor by te woon om hulle kind by te staan.
- Die dissiplinêre komitee besluit op 'n gepaste dissiplinêre optrede afhangende van die graad en erns van die oortreding. Hierdie kan wissel van strawwe soos vir tipe-B oortredings, maar vir 'n langer tydperk, tot permanente uitsetting uit die koshuis.

DAAGLIKSE EN WEEKLIKSE ROETINE

KOSHUISTYE

- Kloktye word op al die kennisgewingborde vertoon.
- Ligte-uit is 22:00. Daar sal dan stilte in die koshuis wees.
- Graad 11- en 12-leerlinge mag met toestemming van die personeel aan diens later studeer.

DORPSDAG

- Die volgende dorpsdae geld:
  Gr. 8 & 9 — Dinsdag (14:15 tot 17:00)
  Gr. 10 tot 12 — Woensdag (14:15 tot 17:00)
  Prefekte — Maandag en Woensdag (14:15 tot 17:00)
- Leerlinge mag in netjiese, ontspanningsdrag dorp toe gaan.
- Geen leerling mag sonder toestemming saam met 'n personeellid of enige ander persoon 'n geleentheid dorp toe kry nie.

KOSHUISTERREIN VERLAAT

- Indien 'n leerling huis toe gaan gedurende die week, of om enige ander rede die koshuisterrein oornag gaan verlaat, is die veronderstelling dat die ouer self die leerling by die koshuis kom haal.
- Enige leerling wat die koshuis op hierdie voorwaarde verlaat, moet die superintendente deur die ouer in kennis stel. Alle inligting wat verlang word, moet verskaf word.
- Indien 'n leerling huis toe gaan gedurende die week, of om enige ander rede die koshuisterrein oornag gaan verlaat en nie deur die ouer self uitgeteken word nie, moet die ouer 24-uur voor die tyd skriftelik vir die superintendent 'n skrywe, faks of e-pos na die skool stuur of die superintendent persoonlik verwittig van die omstandighede.
- Enige leerling wat die koshuis op hierdie voorwaarde verlaat, moet deur die ouer se volgemagtigde of verteenwoordiger vergesel word. Alle inligting soos gevra, moet verskaf word.
- Indien 'n leerling deelneem aan sport/aktiwiteite buite die skoolterrein moet die ouer skriftelik aansoek doen om toestemming. Sulke toegewings is onderhewig aan die verantwoordelike gebruik daarvan, die koshuisroetine en die akademiese vordering van die leerling. Alleenlik in geval van nood sal telefoonoproepe aanvaar word vir toestemming.
- Indien enige leerling by die huis wil gaan bly tydens eksamen, moet die leerling se ouers vooraf 'n brief aan die superintendent stuur. Geen telefoniese reëlings sal aanvaar word nie.

VAKANSIEDAE EN SOSIALE AKTIWITEITE IN DIE WEEK

- Geen leerling mag by 'n vriend/vriendin gaan oornag in die dorp indien daar 'n vakansiedag in die week is nie. Leerlinge mag net by hul ouerhuis gaan slaap.
- Geen leerling sal toegelaat word om enige sosiale funksies buite die koshuisterrein gedurende die week by te woon nie. Indien leerlinge deur hulle ouers vir sulke geleenthede opgelaai word, geld die reëling vir kennisgewing en uitteken soos hierbo uiteengesit.

NAWEKE EN UITTEKENLYSTE

- Leerlinge wat naweke en gedeeltes van 'n naweek in die koshuis wil bly, moet so aangeteken word op die matrone se inwoningsregister (eetsaal).
- Leerlinge wat nie huis toe gaan nie, maar by vriende gaan kuier, se ouer moet die koshuis skriftelik of per sms voor die betrokke naweek daarvan in kennis stel.
- Leerlinge keer onder normale omstandighede op Sondae na die koshuis terug. Leerlinge wat op Sondae met die bus terugkeer, MOET in die koshuis slaap. Indien probleme hiermee ondervind word, of indien 'n alternatiewe reëling geld, moet die superintendent voor 19:00 Sondagaand daarvan verwittig word.
- Leerlinge wat eers op Maandagoggend terugkeer moet die oggend reeds in die koshuis wees.
- Leerlinge wat om watter rede ook al naweke inwoon, word as voltyds teenwoordig in die koshuis beskou en is deel van die koshuis se naweekroetine. Enige afwyking hiervan sal slegs met die toestemming van die superintendent geskied.
- Die koshuis sluit om 19:00 op 'n Sondagaand.

EETSAAL EN ETES

- Leerlinge moet as volg vir etes geklee wees:
  Oggend: Skoolklere
  Aand: Netjies en betaamlik (skoolklere of sindelike gewone klere; geen oop maag of kort broekies nie.)
  Geen kaalvoete nie.
- Toon goeie tafelmaniere – dienspersoneel en prefekte moet toesien dat goeie orde gehandhaaf word.
- Alle etes moet bygewoon word. Teenwoordigheid sal gekontroleer word.
- Geen wegneemetes sal in die eetsaal gedurende etenstyd geëet word nie.
- Vroeër of later etes word slegs deur die superintendent met die matrones gereël.

STUDIETYD

- Alle leerlinge moet gedurende studietyd betaamlik geklee wees.
- Leerlinge wat na behore presteer sal toegelaat word om in hul kamers te studeer. Hierdie is 'n voorreg en nie 'n reg nie.

- Alle ander leerlinge studeer in die studiesaal onder toesig van die personeel of prefekte aan diens.
- Daar word van alle ander leerlinge verwag om tydens studie by hulle eie studietafels met skoolwerk besig te wees.
- Die dagrooster maak voorsiening vir 'n 10-minute onderbreking tydens die eerste studiesessie. Leerlinge maak van hierdie tyd gebruik om probleme te kan uitsorteer of om die badkamers te besoek. Geen ander rondloop word tydens studiesessies toegelaat nie.
- Kamerdeure bly oop.

<u>BESOEKE AAN DIE KOSHUIS GEDURENDE SKOOLTYD</u>

- Geen leerling sal toegelaat word in die koshuis gedurende skooltyd nie, behalwe tydens middagete. Indien leerlinge om die een of ander rede wel die koshuis moet besoek, moet skriftelike toestemming by die superintendent verkry word.

<u>KOSHUISGEBOUE EN –TERREIN</u>

<u>KUIERPLEKKE</u>

- Leerlinge mag met 'n vriend/vriendin op die KOSHUISTERREIN kuier, maar glad NIE op die skoolterrein nie. Leerlinge mag nie die skoolkompleks binnegaan om te kuier nie.
- Indien 'n vriend/vriendin van die dorp kom kuier, moet hul die terrein om 17:00 verlaat.
- Geen leerling mag buite die skool en koshuis kuier of in 'n motor sit en kuier nie.
- Geen leerling mag op die bankie by die sekuriteitshuis met 'n vriend/vriendin kuier nie.
- Geen leerling mag by inwonende personeel se woonstelle kuier nie.
- Geen dorpsleerling mag die gange/of badkamers besoek nie.
- Geen leerling mag kuier/stop op die tweede vloer om met 'n vriend/vriendin van die ander geslag te gesels nie. Gesels in die portaal of buite.
- Geen balspele mag in die koshuis of op die parkeerterreine voor of agter die koshuis gespeel word nie.

VOERTUIE OP DIE KOSHUIS- OF SKOOLTERREIN

- Leerlinge wat motors of motorfietse op die terrein wil aanhou, mag dit net op die volgende voorwaardes doen:
  - Ouers moet skriftelik en met aanvaarbare redes daarvoor aansoek by die superintendent doen. Die vergunning geld eers vandat dit amptelik goedgekeur is.
  - Die leerling moet oor die nodige lisensie beskik om die voertuig te mag gebruik.
  - Die veronderstelling is dat sulke voertuie die enigste wyse is waarmee die betrokke koshuisganger na en van hulle ouerhuise (indien nodig) kan reis, of die enigste wyse van vervoer na en van goedgekeurde buitemuurse aktiwiteite is. Voertuie mag dan ook net vir hierdie doeleindes gebruik word.
  - Die sleutels van voertuie moet by die superintendent ingehandig word en wanneer benodig by die superintendent afgehaal word.
  - Die teenwoordigheid van voertuie is op die eienaar se eie risiko.

ONDERHOUD EN INSPEKSIES

- Kamer- en kasinspeksies vind elke dag plaas. Hierdie geskied onder toesig van die personeellid aan diens.
- Elke leerling is verantwoordelik vir die uitvee van sy/haar eie kamer. Indien die prefek of personeellid nie tevrede is nie, sal leerling gestraf word.
- Indien 'n leerling koshuiseiendom breek/beskadig, is hy/sy verantwoordelik vir die herstel daarvan.
- Enige brekasies moet aan die prefek in die gang aangemeld word vir herstel.
- Leerlinge moet asb. geen ligte aangeskakel laat indien hy/sy hul kamer verlaat vir skool of naweek nie. Vensters moet toegemaak word wanneer die koshuis verlaat word.
- Geen voorwerpe of enige vloeistof mag by vensters uitgegooi word nie.

VERFRAAIING VAN KAMERS

- Leerlinge kan hul kamers verfraai deur eie gordyne, linne, ens. aan te bring.
- Geen plakkate mag op kamermure geplak word nie. Indien enige skade aan mure/kaste veroorsaak word, sal die betrokke persoon(e) verantwoordelik gehou word vir die herstel daarvan.

REKENAARS, RADIO'S, SELFONE EN ELEKTRIESE APPARATE

- Slegs leerlinge wat rekenaars moet gebruik vir akademiese doeleindes sal toegelaat word om dit in die koshuis aan te hou. Hierdie vergunning is onderhewig aan die volgende voorwaardes:
  - Hierdie toegewing is 'n voorreg wat opgeskort sal word indien van die bogenoemde reëling afgewyk word.
  - Hierdie rekenaars is vir die uitsluitlike gebruik deur die eienaar daarvan. Daar moet in studiesale gesit en gewerk word.
  - Die besit en gebruik van sulke apparaat geskied in alle moontlike gevalle en omstandighede op die risiko van die eienaar of sy/haar ouers of voogde.
  - Internetfasiliteite is beskikbaar wat op beheerde wyse beskikbaar gestel word.
- Die gebruik van radio's en enige ander klankapparaat is tot die leefarea van die gebruiker beperk.
- Haardroërs en *hairstraightners* sal toegelaat word.
- Een elektriese ketel per gang word toegelaat.
- Net die gr. 12-leerlinge mag 'n yskas en ketel in hul kamers hê.
- Geen leerling mag 'n selfoon gedurende studietyd, etes, stilte- en inspeksietye gebruik nie.
  - Leerlinge wat oortree sal ooreenkomstig die strafstelsel van die koshuis hanteer word.
  - Ouers word versoek om die genoemde tye te respekteer. Indien ouers hulle kinders in die genoemde beperkte tye wil kontak, word met die superintendent geskakel.
  - Indien daar omstandighede ontstaan waarvolgens die ouers geskakel moet word, sal dit deur die superintendent of huismoeder gedoen word.
- Die TV mag gebruik word.

SIEKTES, AFWESIGHEDE EN AFSPRAKE

SIEKTES

- Indien 'n leerling siek is of sleg voel moet die superintendent verwittig word – geen leerling mag by die koshuis sonder die toestemming en medewete van die superintendent wees nie.

MEDIESE SAKE EN AFSPRAKE

- Enige mediese afsprake word vooraf met die superintendent gereël. Die superintendent sal opdrag aan die matrone aan diens gee om afsprake te maak wat na skoolure sal wees. Alleenlik noodgevalle sal gedurende skoolure vir mediese behandeling geneem word.
- Indien leerlinge se ouers vir hul afsprake maak, moet sulke afsprake (behalwe waar noodsaaklik) nie gedurende skoolure gereël word nie. Die matrones is nie gedurende skooltyd beskikbaar om leerlinge vir afsprake te neem nie.
- Indien leerlinge op ander dae as die gewone dorpsdag dorp toe moet gaan, moet toestemming by die superintendent verkry word.
- Tienerswangerskap is ’n uiters sensitiewe aangeleentheid en word met deernis, maar ook binne die konteks van die koshuisomstandighede hanteer. ’n Swangerskap beïnvloed ook die ander leerders in die koshuis. ’n Swanger dogter sal daarom bygestaan word om dadelik alternatiewe verblyfreëlings te tref om met haar skoolloopbaan voort te kan gaan. Die skool hanteer die omstandighede verder binne die departementele beleid en die gedragskode van die skool.

ALGEMEEN

WASGOED

- Wasgoed van leerlinge wat **naweke** inwoon, moet op Maandae by die matrones ingehandig word. Die klere moet duidelik gemerk wees.

KOMBUIS, PORTAAL

- Die kombuis is buite perke vir enige leerling, tensy strafdiens verrig moet word.
- Die gebruik van die brandtrappe is verbode vir enige leerling behalwe as dit vir ‘n noodtoestand gebruik moet word.
- Geen kaalvoete in die voorportaal nie.

BESPARING

- Bespaar asseblief water en elektrisiteit deur nie te lank te stort of in ‘n vol bad water te bad nie – respekteer persone wat ook nog wil bad.

GRAAD 8:  EREKODE

As groentjie beloof ek hiermee plegtig voor die hele skool:

- om my seniors en mede-skoliere met agting en respek te behandel;
- om my te alle tye op alle terreine ten volle uit te leef en te help bou aan die skool se hoë standaarde en onderlinge gees, eerder as om af te breek;
- om pligsgetrou elke taak aan my opgedra na die beste van my vermoë uit te voer;
- om te alle tye lojaliteit, hulpvaardigheid en getrouheid te openbaar teenoor my skool én die wat oor my gestel is;
- om te alle tye binne en buite die skool voorbeeldig te lewe;
- om in diens van die Allerhoogste my tot beskikking van my skool en die gemeenskap te stel; en
- om in my denke, spreke en handel te toon dat ek trots is op my skool en sy leuse:

# SIMBOLIEK VAN DIE SKOOLWAPEN

1. ʼn Boom, in die Heraldiek ook genoem ʼn "vryheidsboom", is as sentrale motief op die wapen gekies. Dit is ʼn sinspeling op die naam van die dorp Vryheid waar die skool geleë is.
2. Verdere simboliek wat aan die boom gekoppel kan word volgens "Elseviers Ensiklopedie van Heraldiek" is: bloeiende toestand, standvastige geloof, simbool van lewenskrag en groei.
3. Die boom het ʼn drieledige kruin om die idee van samewerking tussen onderwyser, kind en ouer uit te beeld.
4. Die boom simboliseer ook die skool as inrigting waar bogenoemde simboliek van toepassing is.
5. Die oranje dolk, wat deel van die boom is, simboliseer dat die kind sy wapenrusting vir die stryd van die lewe by die skool vergader.
6. Die twee wawiele aan weerskante van die stam dui die ewigdurende rol van die wiele aan en wys hoe kennis gedurigdeur ingesamel word – die lewe is ʼn ewigdurende leerskool.
7. Verder dui wiele op die pioniers wat met dapperheid en moed met hul waens die vreemde ingegaan het om nuwe onbekende gebiede te verken. Dit sinspeel ook op leerlinge wat deur hul onderrig op skool opgelei word om pioniers van die lewe te word.
8. Die dubbele binnesoom om die skildrand dui op die spore wat die wiele maak en simboliseer die spore wat die leerlinge by die skool agterlaat het deur hul prestasies.

# SKOOLLIED

Die lied van ons Pionier klink luid
van Noord-Natal se veld en rant,
tot oor ons land se vertes uit:
Die lied van die jeug van ons land!
Die jeug wat hier nog fier en trou
met diep geloof en lewenskrag,
’n toekoms in vooruitgang bou
vir elke jong pioniersgeslag.
Al raak die lewenstryd ook hoe fel,
sal ons volhard met durf en moed,
en ons sal strewe in ons werk en spel
na wat eerbaar is, reg en goed.
Met ons oog gerig op die ew’ge Woord
aan ons skool, ons land en ons nasie getrou;
In ons strewe gebind deur ’n enkel koord,
van oranje, wit en blou.